

DIE ONDERRIG VAN WOORDEBOEK- EN TAALVAARDIGHEDE AAN GRONDSLAGFASE-LEERDERS

Michele F van der Merwe
Universiteit van Stellenbosch

'n Nuwe ster verskyn in 2010 op die Suid-Afrikaanse leksikografiehorison met die publikasie van die Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English, aangesien dit die eerste Suid-Afrikaanse woordeboek is wat spesifiek beplan, aangepas en ontwerp is vir gebruik vir leerders in die Grondslagfase. Dit verskil radikaal van vorige woordeboeke wat vir dié teikenmark gepubliseer is. Die uniekheid in ontwerp het 'n kombinasie van 'n prentwoordeboek, asook 'n alfabetiese woordeboek tot gevolg. Amptelike tale byvoorbeeld Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sepedi en Setswana word onderskeidelik met Engels as taalpaar aangebied.

Navorsing oor die onderrig van woordeboek- en taalvaardighede van Afrikaanse Grondslagfase-leerders is onderneem. Die hoofdoel van die navorsing is om uit te vind of opleiding in woordeboek- en taalvaardighede enige invloed op die leerders se woordeboek- en taalvaardighede het. Tydens die navorsing word besin en vasgestel oor watter woordeboek- en taalvaardighede leerders beskik en moet beskik om 'n woordeboek suksesvol te gebruik, hoe om dié vaardighede vas te stel en of die Grondslagfasewoordeboek geskik is vir gebruik in die skool.

'n Woordeboekprojek is in sekere skole in die Boland onderneem met deelname van laerskole, die navorser, asook die uitgewer van die woordeboek. 'n Proses van aksienavorsing, met ander woorde, navorsing in die klaskamer is gevolg. Leerders se woordeboek- en taalvaardighede is geassesseer, 'n intervensie het plaasgevind, waartydens woordeboekvaardighede vir ses weke onderrig is en 'n tweede assessering van woordeboek- en taalvaardighede het plaasgevind. Na die intervensie het leerders 'n beduidende verbetering in woordeboek- en taalvaardighede getoon.

Trefwoorde: opvoedkundige leksikografie, woordeboekvaardighede, taalvaardighede, skoolwoordeboeke, assessering, intervensie

The Teaching of Dictionary and Language Skills to Foundation Phase Learners

A new star appeared on the South African lexicography horizon in 2010 with the publication of the Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English. This was the first South African dictionary that was specifically planned, adapted and designed for use of learners in the Foundation Phase. It differs radically from previous dictionaries that were published for the target market. The uniqueness in design resulted in a combined picture dictionary, as well as an alphabetical dictionary. Official languages such as Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sepedi and Setswana are presented with English as language pairs.

Research on the teaching of dictionary as well as language skills of Afrikaans speaking Foundation Phase learners was undertaken. The main purpose of the research was to determine if training in dictionary and language skills would have any influence on the learners' dictionary and language skills. During the research it is reflected on and determined which dictionary and language skills learners possess and which they should possess to be able to make use of a dictionary successfully, how to determine those skills and also if the Grondslagfasewoordeboek is suitable for usage in school.

A dictionary project was undertaken in certain schools in the Boland, with participation of primary schools, the researcher, as well as the publisher of the dictionary. A process of action research, that is research in the classroom, was followed. Dictionary as well as language skills of learners were assessed, an intervention took place during which dictionary skills were taught for six weeks in the schools, where after a second assessment of dictionary and language skills took place. After the intervention the learners showed a considerable increase in dictionary and language skills.

Key words: pedagogical lexicography, dictionary skills, language skills, school dictionaries, assessment, intervention

INLEIDING

Opvoedkundige leksikografie het skool- en aanleerderwoordeboeke in bestek en geniet die afgelope tyd meer belangstelling in Suid-Afrika, soos geïllustreer deur onlangse artikels oor die onderwerp. Vergelyk Potgieter (2012), Tarp en Gouws (2012, 2010, 2004), Van der Merwe (2012, 2009), Beyer (2010), Gouws (2006), Gouws en Tarp (2008) en Tarp (2004, 2011), in hierdie verband.

Volgens Lombard (1990) verteenwoordig skoolwoordeboeke 'n gespesialiseerde kategorie en is die teikengebruiker skoliere wat moedertaalsprekers is van die taal wat in die woordeboek aangebied word. Tarp en Gouws (2010:467) maak voorsiening vir 'n breër interpretasie van die konsep *skoolwoordeboek* deur dit as enige woordeboek te beskryf wat saamgestel is om in die skool te gebruik met die oog daarop om ondersteuning te bied met die aanleer van die huistaal, 'n addisionele taal of 'n vakgebied. Hulle beskou woordeboeke wat in die skool gebruik word, nie noodwendig as skoolwoordeboeke nie, maar slegs dié wat ontwerp is vir die spesifieke doel om in die skool gebruik te word. Sodanige woordeboeke is spesifiek beplan en aangepas by leerders se taalkundige, verstandelike, kulturele en ensiklopediese ontwikkeling. Kognitiewe ontwikkeling van leerders is veral noodsaaklik en skoolwoordeboeke kan dus 'n bydrae tot hulle ontwikkeling lewer.

Die *Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English* is die eerste Suid-Afrikaanse woordeboek wat spesifiek beplan, aangepas en ontwerp is vir gebruik deur leerders in die Grondslagfase. Hierdie studie handel oor die analise van Grondslagfase-gebruikers, en spesifiek graad 3-leerders, se woordeboek- en taalvaardighede tydens die gebruik van die *Grondslagfasewoordeboek* in die klaskamer. Daar is op graad 3-leerders vir die studie besluit, aangesien hulle die hoogste graad binne die fase verteenwoordig. Tarp en Gouws (2010:488) beklemtoon die belangrike rol van opvoedkundiges en leerders tydens navorsing oor 'n

woordeboek. Volgens hulle is empiriese gebruikersnavorsing noodsaaklik om 'n gebruikersvriendelike, nuttige hulpmiddel in die taalaanleerproses daar te stel.

MEER OOR DIE WOORDEBOEK

Maskew Miller Longman se *Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/English* (Gouws *et al*, 2010) verskyn in 2010. Afrikaans, isiXhosa, isiZulu, Sepedi en Setswana word onderskeidelik met Engels as taalpaar gebruik. Die woordeboek wat in die navorsing gebruik word, het Afrikaans en Engels as taalpaar. Die teikengebruiker word duidelik omskryf met die volgende aanhaling op bladsy iv: 'Die woordeboek is geskik vir leerders in Graad 1 tot 4.' Die opstellers gaan verder en verklaar dat 'die woordeboek al die relevante assesseringstandaarde wat in die kurrikulum gespesifiseer word, dek.' Die doel van die woordeboek word soos volg deur die opstellers geformuleer: 'Gebruik die woordeboek vir uitstekende resultate in woordeskatuitbreiding, spelling en lees met begrip!'

Op die agterblad belooft die opstellers dat die woordeboek leerders sal help om:

- met selfvertroue in Afrikaans Huistaal te lees en skryf
- stelselmatig met Engels vertrouwd te raak
- Afrikaans as Addisionele Taal aan te leer, te verstaan en te gebruik.

Uit bovermelde inligting is dit duidelik dat die primêre teikengebruiker van die woordeboek Afrikaanssprekend is, maar dat die woordeboek ook deur Engelssprekendes gebruik kan word vir die aanleer van Afrikaans as Addisionele Taal. Die hoofdoel van die woordeboek is dus om Afrikaanssprekende leerders in die Grondslagfase met die ontwikkeling van hul huistaal te help.

Die voor-buitetekste van die *Grondslagfasewoordeboek* sluit 'n inhoudsopgawe, toeliggende aantekeninge genaamd **Hoe om hierdie woordeboek te gebruik** en 'n oop bladsy genaamd **Jou persoonlike woordeboek** in. Die woordeboek bestaan uit 'n prentewoordeboek (sien Addendum 1) met temas waar 18 relevante temas tot die Grondslagfase behandel word, 'n sentrale teks wat 'n alfabetiese woordeboek (sien Addendum 2) uitmaak en twee tweetalige woordelyste, naamlik Afrikaans/English en English/ Afrikaans. Prente en kleurillustrasies word deurgaans in al die afdelings van die woordeboek gebruik.

Temas in die prentewoordeboek sluit onder meer die volgende in: alfabet, kleure en vorms, my liggaam, klere, my familie, ons huis, in die kombuis, teenoorgesteldes, sport en tegnologie. Dit is temas wat gereeld in die Grondslagfase gebruik word. 'n Prentewoordeboekbladsy bestaan uit die volgende elemente, naamlik 'n opskrif met die naam van die tema, volkleurprent van die tema, klein prentjie van hoe die item binne die tema pas, asook die woord en die Engelse vertaalekwivalent. Die prentewoordeboek het 'n belangrike rol te speel in leerders se woordeskatuitbreiding.

Artikels in die sentrale teks beskik oor verbuigings, bv. verledetydsvorme by werkwoorde en meervoude by selfstandige naamwoorde, betekenisverklarings in die vorm van definisies, voorbeeldsinne in Afrikaans en Engels, in sommige gevalle antonieme en sinonieme, asook vertalings van lemmas. Gebruiksinsligting oor 'n woord word in teksskassies as 'notas' aangebied. Die toegangstruktuur vergemaklik die naslaan van 'n woord vir die leerder,

aangesien 'n duimindeks op elke bladsy in die sentrale teks verskaf word, met die relevante alfabetletter in vetdruk op die bladsy.

Tweetalige woordelyste word alfabeties verskaf, met die Afrikaanse woord in vetdruk (om aan die lemma te herinner in die sentrale teks) en die Engelse ekwivalent in skuinsdruk. Die bladsynommer waar die Afrikaanse woord in die sentrale teks verskyn, word verskaf. Indien 'n betrokke woord deel van 'n behandelde tema uitmaak, word dit ook aangedui en sodoende word 'n hiponimiese verhouding ook in die woordelyst uitgebeeld.

Binne die teorie van leksikografiese funksies onderskei Gouws (2006:75) tussen twee hoofipes leksikografiese funksies, naamlik kognitiefgerigte en kommunikatiefgerigte funksies. Die doel van kognitiefgerigte funksies is om aan die gebruiker ondersteuning te verleen met algemene kulturele en ensiklopediese data, data oor spesifieke vakgebiede en data oor taal. Kommunikatiefgerigte funksies ondersteun gebruikers met die probleemoplossing aangaande teksproduksie in die moeder- en vreemde taal, teksresepsie in die moeder- en vreemde taal, asook die vertaling van tekste uit die moeder- in die vreemde taal en omgekeerd. Tarp (2008) voeg 'n verdere woordeboekfunksie by, naamlik die operasionele funksie, wat na 'n addisionele, onderliggende funksie van woordeboeke verwys om gebruikers te help om woordeboeke te gebruik en om woordeboekvaardighede te ontwikkel.

'n Taalgerigte aktiwiteit, byvoorbeeld praat, lees en vertaling, is gewoonlik die motivering vir die gebruik van 'n woordeboek. Tarp en Gouws (2010:470) onderskei woordeboekfunksies noodsaaklik in skoolwoordeboeke vir huistaalleerders: *kommunikatiewe funksies relevant vir taalkunde*, naamlik om leerders met teksresepsie (geskrewe of mondeling) en met teksproduksie (geskrewe of mondeling) te help; *kognitiewe funksies relevant vir taalkunde*, byvoorbeeld om leerders met grammatika en woordeskat te help, en om hulle meer oor die wêreld te leer; *kognitiewe funksies nie relevant vir taalkunde nie*, naamlik om leerders meer oor die etimologie van woorde te leer; en *operasionele funksies nie relevant vir taalkunde nie*, byvoorbeeld om leerders te help om woordeboekvaardighede aan te leer.

Die opstellers van die *Grondslagfasewoordeboek* identifiseer die woordeboek se funksies (bladsy iv) as volg:

- ontwikkeling van praat-, lees- en skryfvaardighede in jou huistaal
- verstaan en gebruik van Engels as Addisionele Taal
- aanleer en gebruik van Afrikaans as Addisionele Taal.

Die geïdentifiseerde funksies sluit dus volledig by Tarp en Gouws (2010:470) se funksies van skoolwoordeboeke vir huistaalleerders aan, behalwe die *kognitiewe funksies nie relevant vir taalkunde nie*, naamlik om leerders meer oor die etimologie van woorde te leer. Dit val nie binne die bestek van die leermateriaal geskik vir leerders in die Grondslagfase nie. Daarbenewens het die *Grondslagfasewoordeboek* die belangrike funksie om leerders vertrouwd met 'n woordeboek te maak en om hulle te leer hoe om 'n woordeboek te gebruik om dit sodoende op 'n deurlopende basis in hul skoolloopbaan te gebruik. Dit verwys na die *operasionele funksies nie relevant vir taalkunde nie*.

DIE NAVORSINGSPROSES

Die hoofdoel van die navorsing is om vas te stel of die onderrig van woordeboekvaardighede enige invloed het op die woordeboek- en taalvaardighede van Afrikaanssprekende graad 3-leerders. Tydens die navorsingsproses is die volgende navorsingsvrae gevra:

- Oor watter woordeboekvaardigheidsvlak moet graad 3-leerders beskik om suksesvol 'n woordeboek vir die Grondslagfase te gebruik?
- Hoe kan dié vaardighede met 'n geldige en objektiewe meetinstrument vasgestel word?
- Wat is die vlak van woordeboekvaardigheid en taalvaardigheid van graad 3-leerders?
- In hoe 'n mate is die woordeboekvaardigheids- en taalvaardigheidsvlak van leerders na 'n intervensie deur onderwysers verbeter?
- In hoe 'n mate is die *Grondslagfasewoordeboek* geskik om in die skool gebruik te word?

Om antwoorde op bogenoemde vrae te vind, is 'n woordeboekprojek in sekere skole in die Boland van stapel gestuur. Die Grondslagfasewoordeboekprojek behels deelname van twee laerskole se leerders en onderwysers, die navorser, asook die uitgewer van die woordeboek. Etiese klaring om die projek te onderneem, is deur die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie toegestaan. Navorsingsresultate is slegs gebruik vir navorsingsdoeleindes en nie vir die bepaling van byvoorbeeld punte vir leerders nie.

'n Groep van 94 leerders en ag onderwysers van twee voormalige model C-skole in die Paarl het aan die navorsing deelgeneem. Vyf laerskole in die Paarl- en Wellingtonomgewing is genader om deel te wees van die navorsingsprojek en die uiteindelijke skole is gekies op grond van die belangstelling wat in die projek getoon is. Twee werkswinkels met woordeboekonderrig as tema is vir deelnemende Grondslagfase onderwysers aangebied. Daarna is 'n proses van aksienavorsing, met ander woorde, navorsing in die klaskamer gevolg. Dit het bestaan uit 'n voortoets, intervensie van ses weke se onderrig van woordeboekvaardighede en 'n natoets van leerders se woordeboekvaardighede.

'n Asseseringsplan is tydens die eerste werkswinkel met onderwysers ontwerp. Tydens die navorsing is die 2011-kurrikulum nog nie gevolg nie en daar is dus van die vorige kurrikulum gebruik gemaak. Die huistaalkurrikulum vir Afrikaans bevat sekere uitkomstes en dié uitkomstes verseker 'n objektiewe, geldige, betroubare, sensitiewe, toepaslike en uitvoerbare meetinstrument vir navorsing. Uitkomstes vir die huistaal Afrikaans is geïdentifiseer waarteen die *Grondslagfasewoordeboek* gemeet kan word. Die gebruik van uitkomstes vir die opstel van die assessering is geldig, aangesien dit pertinent in die woordeboek genoem word dat dit die relevante assesseringstandaarde dek. Tydens die opstel van die assessering kon onderwysers dus ook agterkom of die woordeboek wel aan die genoemde standaarde voldoen. Leerders se vaardighede ten opsigte van die gebruik van die woordeboek kon ook vasgestel word, gemeet in die lig van gestelde assesseringstandaarde.

'n Assessering in die vorm van 'n woordeboektoets is met behulp van die onderwysers opgestel. Geen vooraf-opleiding ten opsigte van woordeboekgebruik is aan leerders verskaf nie. Tydens die assessering van die voortoets is 'n woordeboek aan elke leerder verskaf en voor die assessering kon hulle vir drie minute daarin rondblaaie en hulleself van die inhoud

daarvan vergewis. Die navorser het die woordeboektoets uitgedeel en ook tydens die assessering toesig gehou. Leerders het vrae rakende die kognitiewe, kommunikatiewe en operasionele funksies van die woordeboek beantwoord. Nadat die toets geskryf is, is die antwoordstelsel nagesien, die punte verwerk en elke skool het die uitslae ontvang.

'n Tweede werkwinkel is met onderwysers gehou waartydens toetsresultate bespreek is. Opleiding met betrekking tot die onderrig van woordeboekvaardighede is aan onderwysers verskaf. 'n Intervensie, naamlik die onderrig van woordeboekvaardighede aan leerders is beplan en uitgevoer. Onderrig is ses weke lank deur elke graad 3-klasonderwyser uitgevoer en daarna is 'n natoets geskryf. Hierdie natoets was dieselfde as die voortoets en is onder dieselfde omstandighede geskryf.

Woordeboekaktiwiteite is ontwerp om saam met die *Grondslagfasewoordeboek* te gebruik. Dit het op die drie funksies van die woordeboek gekonsentreer, naamlik operasioneel, kommunikatief en kognitief. Onder die operasionele funksie is die inhoudsopgawe en die sleutel tot die woordeboek behandel. By die kommunikatiewe funksie is die uitbreiding van woordeskat met verwysing tot die tematiese afdeling behandel. Die kognitiewe funksie van die woordeboek sluit verwysing na spelling van woorde, asook woordeskatuitbreiding in. Leerders het elkeen werkkaarte ontvang met aktiwiteite rakende die woordeboek en hulle kon dit met behulp van die onderwyser en nadat voorbereidende verduidelikings aan hulle gegee is, gedurende klastyd voltooi. (Sien Addenda 3 en 4 vir voorbeelde van aktiwiteite.)

GBRUIKSITUASIE VIR DIE GRONDSLAGFASE-LEERDER

Volgens Tarp (2009) vir navorsing oor woordeboekgebruik om relevant te wees, moet dit nie net inligting genereer oor *hoe* woordeboeke gebruik word nie, maar ook *wie* die gebruikers is, *waar*, *wanneer* en *hoekom* hulle woordeboeke gebruik en met *watter* beoogde resultaat. Ofskoon baie skrywers al oor die noodsaaklikheid van onderrig van woordeboekvaardighede geskryf het, is daar byna geen empiriese studies oor die invloed van onderrig van woordeboekvaardighede, veral met betrekking tot Grondslagfase-leerders, beskikbaar nie.

Die gemiddelde ouderdom van graad 3-leerders in die projek was 9 jaar en volgens Piaget (1971:116-122) behoort hulle teen hierdie stadium van kognitiewe ontwikkeling die verhouding tussen verskillende kennisinhoudes in te sien, probleme op te los, konkreet te dink, begrip en kennis van woorde te verhoog, asook tussen konsepte van volume, getal en gewig te onderskei. Tydens die opstel van assessering van vaardighede is die kognitiewe ontwikkeling van leerders in die projek in ag geneem. Tydens die assessering is leerders se kognitiewe ontwikkeling geassesseer byvoorbeeld om te lees vir spesifieke inligting en om dus die verhouding tussen verskillende kennisinhoudes waar te neem. Hulle moes ook probleme met die gebruik van 'n woordeboek, byvoorbeeld naslaanprobleme oplos. Leerders moes ook die definisie van 'n woord vind, betekenis daaraan toeken en die ingewinde inligting toepas deur 'n gepaste vraag daarvoor te beantwoord.

Aangesien dit vir leerders in die Grondslagfase die eerste kennismaking in 'n formele omgewing met 'n woordeboek is, moet dit aangenaam, opvoedkundig en die naslaanproses suksesvol wees. 'n Voorvereiste vir 'n suksesvolle naslaanproses is die gebruik van moedertaalonderrig. Die onderwyser se rol is om woordeboekvaardighede en taalvaardighede te onderrig. Woordeboeke se potensiaal as probleemoplossende instrument moet ontsluit

word. 'n Woordeboek het verskeie funksies en die funksies moet gebruikersgerig wees om suksesvolle konsultasie te verseker. Putter (1999:13) beklemtoon die belangrikheid van woordeboeke in die kognitiewe ontwikkeling van 'n kind, byvoorbeeld met die identifikasie van semantiese verhoudinge tussen woorde, die verskaf van konseptuele raamwerke waartydens woorde betekenis verkry. Woordeboeke kan leerders ook help om assosiasies tussen woorde en voorwerpe, asook tussen aksies en emosies te maak. Woordeboeke het 'n belangrike rol te speel in die organisasie van 'n kind se mentale leksikon tydens die verstaan van die hele semantiese netwerk tussen woorde en die uitbreiding van woordeskat.

Die klaskameromgewing speel ook 'n rol tydens die woordeboekkonsultasieproses. 'n Klaskamer met byvoorbeeld alfabetplakkate, plakkate met prente en woorde, asook 'n gemaklike leeshoekie waar kinders kan voel dat geletterdheidsvaardighede belangrik is, bevorder ook die gebruik van woordeboeke.

Leerders se huislike omstandighede beïnvloed hulle geletterdheid en houding teenoor woordeboeke. In 'n taalryke omgewing is daar 'n boek- en woordeboekkultuur in die huis waar kinders aangemoedig word om boeke te lees en woordeboeke te gebruik. In huise waar ouers vir hulle kinders stories lees en hulle ook die voorbeeld stel om 'n woordeboek te gebruik wanneer daar byvoorbeeld onsekerheid is oor die gebruik/betekenis van 'n woord, word kinders met 'n positiewe ingesteldheid teenoor boeke en woordeboeke groot.

ASSESSERINGSTANDAARDE VIR AFRIKAANS HUISTAAL

Asseseringstandaarde vir Afrikaans huistaal graad 3 met spesifieke verwysing na woordeboeke is tydens die navorsingsproses geïdentifiseer. Daar is slegs twee, (1) naamlik stel 'n eie woordeboek op en dus 'n persoonlike woordeboek saam en (2) gebruik 'n woordeboek om spelling en betekenis van woorde te kontroleer. Eersgenoemde standaard kon nie tydens die woordeboekassessering gebruik word nie, aangesien dit nie die fokus van die studie was nie. Laasgenoemde standaard kon wel gebruik word. Dié standaard was egter nie voldoende vir 'n volledige assessering van woordeboekgebruik deur Grondslagfase-leerders nie en daar is toe verder van assesseringstandaarde ten opsigte van taalstruktuur en -konvensies gebruik gemaak. Dit sluit in: gebruik spelreëls om korrek te spel, maak gebruik van trappe van vergelyking, intensiewe vorme en verboë vorme in die gebruik van adjektiewe, verstaan en gebruik antonieme en sinonieme korrek; woordeskatuitbreiding; gebruik algemene afkortings korrek of gebruik 'n inhoudsopgawe, gidswoorde, opskrifte en bladsynommers om inligting na te slaan.

Bogenoemde assesseringstandaarde kan in verhouding tot woordeboekfunksies geplaas word.

Tabel 1: Verband tussen assesseringstandaarde en funksies van woordeboeke

Asseseringstandaarde	Funksies van woordeboeke
Kontroleer spelling van woorde	Kognitiewe funksie
Kontroleer betekenis van woorde	Kognitiewe en kommunikatiewe funksie
Trappe van vergelyking, intensiewe vorme en verboë vorme in die gebruik van adjektiewe	Kognitiewe funksie
Verstaan en gebruik antonieme en sinonieme korrek	Kognitiewe funksie

Gebruik 'n inhoudsopgawe, gidswoorde, opskrifte en bladsynommers om inligting te vind	Operasionele funksie
---	----------------------

ASSESSERING EN UITSLAE

Die volgende vaardighede is met behulp van vrae tydens assessering van leerders getoets.

Tabel 2: Vrae en vaardighede tydens assessering in die voor- en natoets

Vrae	Vaardighede
1. Rangskik al die kleure volgens alfabetiese volgorde: wit, blou, bruin, swart.	Alfabetisering as naslaanvaardigheid
2. Rangskik die volgende woorde alfabeties: grys, pienk, pers, groen, geel.	Alfabetisering as naslaanvaardigheid
3. Watter woord kom <u>na</u> ontbyt in die woordeboek?	Alfabetisering as naslaanvaardigheid
4. Watter woord kom <u>voor</u> gordyn in die woordeboek?	Alfabetisering as naslaanvaardigheid
5. Onderstreep die korrekte spelling nadat jy die woord in die woordeboek opgesoek het: pasient/pasiënt (a) uitveer/ytveer/uitveër (b) spieël/spiel/spieel	Kontroleer spelling van woorde
6. Wat is die meervoud van die volgende woorde? Soek dit in die woordeboek op. (a) droom (b) xilofoon	Verstaan mikrostruktuur van woordeboek. Slaan grammatiese funksie van woorde na.
7. Wat is die teenoorgestelde van die volgende woorde? Soek dit in die woordeboek op. (a) lag (b) oopmaak	Verstaan soekstruktuur van woordeboek. Slaan semantiese betrekkinge van woorde na.
8. Soek woorde wat dieselfde beteken as:	Verstaan soekstruktuur van woordeboek. Slaan semantiese betrekkinge van woorde na.

(a) loop (b) vriend	
9. Soek die woord leeg op. 9a) Gee die regte vorm van die woord tussen hakies in die volgende sin: Dit is 'n (leeg) koppie. (b) Wat is die Engels van leeg ?	(a) Verstaan mikrostruktuur van woordeboek. Slaan grammatiese funksie van woorde na. (b) Verstaan soekstruktuur van woordeboek. Slaan vertaalekwivalent van woorde na.
10. Soek die woord krokodil op. Lees alles wat na die woord staan. (a) Is 'n krokodil 'n soogdier of 'n reptiel? (b) Hoe lyk krokodille? Verduidelik asb. (c) Waar woon krokodille? (d) Dink jy 'n mens moet bang wees vir krokodille? Hoekom? Verduidelik asb.	Verstaan die interne soekstruktuur van die woordeboek. Vind die definisie van die woord, lees dit, haal betekenisinligting uit die definisie, pas dit toe en gebruik kritiese denkvaardighede. Sien prent van krokodil langs lemma en gebruik vir beskrywing.

Tabel 3: Resultate van assessering van graad 3-leerders tydens die gebruik van Grondslagfasewoordeboek

Twee tabelle met navorsingsresultate word aangebied. *Tabel 3 bevat die resultate van die voortoets en natoets wat deur leerders afgelê is. Aangesien die waardes slegs twee moontlikhede het (bv. reg of verkeerd) is dit statisties verkeerd om met gemiddeldes te werk en daar is dus vir vraag 1 tot 4 met persentasie korrek gewerk om die statistiek te bepaal.

Vraag	Vaardigheid	N	Voortoets Korrek (getal)	%	Natoets Korrek (getal)	%	McNemar toets p-waarde
1	Alfabetiese volgorde	94	87	92.6%	90	95.7%	0.453
2	Alfabetiese volgorde, volgens die tweede letter	94	61	64.9%	79	84.0%	0.001
3	Alfabetiese toegangstruktuur van die	94	67	71.3%	83	88.3%	0.001

	woordeboek						
4	Alfabetiese toegangstruktuur van die woordeboek	94	59	62.8%	79	84.0%	0.001

'n Gemiddelde van 67,5% is in die voortoets deur leerders behaal. Hulle het dus aan die vereistes van die leeruitkomste soos in assesseringsdoelwitte gestel, voldoen. In die natoets is 'n gemiddelde van 83% behaal en leerders het sodoende die leeruitkomste soos in assesseringsdoelwitte gestel, oortref. Die verskil tussen die gemiddeldes van die voortoets en die natoets is 15,5%, d.w.s 'n verskil van 23%. By vrae 2, 3 en 4 is daar statisties beduidend meer korrekte antwoorde in die voortoets as in die natoets, terwyl daar by vraag 1 geen noemenswaardige verskille in die voortoets en die natoets is nie.

Tabel 4: Resultate van assessering van graad 3-leerders tydens die gebruik van Grondslagfasewoordeboek

Tabel 4 bevat die resultate van die voortoets en natoets wat deur leerders afgelê is. Hier is met gemiddeldes gewerk, aangesien die aantal foute getel kon word.

Vraag	Vaardigheid	N	Voortoets Getal foute		Natoets Getal foute		p-waarde
			Gem.	Afwyking	Gem.	Afwyking	
5	Onttrek inligting oor spelling	94	.59	.909	.07	.395	.001
6	Onttrek inligting oor meervoude van s.nw.	94	.76	1.094	.22	.532	.001
7	Inligting oor antonieme	94	.64	.853	.23	.594	.001
8	Inligting oor sinonieme	94	.50	.744	.18	.528	.001
9a	Inligting oor die verlede tyd van 'n ww.	94	.12	.323	.17	.378	.275
9b	Engelse vertaalekwivalent	94	.33	.473	.13	.335	.001

10	Betekenisinligting, met visuele inligting ter ondersteuning	94	1.91	1.301	.83	1.215	.001
----	---	----	------	-------	-----	-------	------

By vrae 5, 6, 7, 8, 9b en 10 is daar statistiese bewyse van 'n aansienlike verskil tussen resultate van die voortoets en die natoets. Slegs by vraag 9a is daar nie 'n noemenswaardige verskil tussen resultate van die voortoets en die natoets nie. Dit bevestig die navorser se vermoede dat die onderrig van woordeboekvaardighede tot 'n verbetering in die woordeboek- en taalvaardighede van leerders kan lei.

Volgens die uitslae is die moeilikste vaardighede om te bemeester die hantering en interpretasie van semantiese inligting. Dit sluit 'n groepering van subvaardighede in, naamlik die vind van semantiese inligting in 'n ingevoegde teks, die vind van semantiese inligting in 'n definisie, die vind van semantiese inligting in 'n voorbeeldsin, asook die vind van 'n antoniem. Die vaardighede sluit aan by die kognitiewe funksies van die woordeboek.

Die grootste verbetering in vaardighede van leerders in die voortoets en natoets is by die hantering en interpretasie van semantiese inligting. Die hantering van die meervoudsvorm in die geval van selfstandige naamwoorde het ook noemenswaardig verbeter.

AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN GRONDSLAGFASEWOORDEBOEK

Die *Grondslagfasewoordeboek* is uitstekend saamgestel en kan met goeie gevolg deur goedopgeleide onderwysers in die Grondslagfase in die skool gebruik word. Tydens die opstel van die woordeboek is ag gegee op die gebruikers van die woordeboek en is dit volgens hulle behoeftes saamgestel, soos deur die goeie gemiddelde punte in die assessering verwerf deur graad 3-leerders, illustreer word. Die uniekheid in die ontwerp van die woordeboek lê daarin dat dit uit 'n prentewoordeboek en 'n alfabetiese woordeboek bestaan. Die doel van die woordeboek is onder andere om leerders in die Grondslagfase gewoond te maak aan die gebruik van 'n woordeboek deur hul woordeboekvaardighede op 'n jong ouderdom te leer.

Die volgende aanbevelings kan oor die hantering van semantiese inligting in die woordeboek gemaak word. Die woordeboek het beskik oor 'n groot hoeveelheid antonieme, maar nie sinonieme nie. Sinonieme kan dus uitgebrei word om 'n gebalanseerde aanbod van semantiese betrekkings tussen woorde te verseker. Tydens die assessering is gevind dat die meeste probleme by leerders wel voorkom in die hantering van semantiese inligting en deur die aanbod van semantiese betrekkings uit te brei, kan dit verbeter word. Onderwysers kan op 'n deurlopende basis woordeskat uitbrei deur leerders gereeld op die gebruik van sinonieme en antonieme van woorde te wys.

Leksikograwe moet definisies oordeelkundig oorweeg en seker maak dat dit op die gepaste vlak van die leerder is. Vergelyk byvoorbeeld die definisie van die woord **lank**.

lank

Lank beteken groot van een punt na die ander punt of van bo na onder.

Die lemma word in die definisie herhaal en dit is goeie leksikografie, maar die definisie kan te moeilik en abstrak wees om voldoende semantiese oordrag te verseker.

Vergelyk die volgende lemmas in dié verband. Dit is ook te abstrak verduidelik, byvoorbeeld ‘toestand van lewend wees’ of ‘die **hele** iets is alles daarvan’.

lewe

Lewe is ’n toestand van lewend wees en asem te haal.

hele

Die **hele** iets is alles daarvan.

Prente en illustrasies ondersteun betekenisoordrag, aangesien elke artikel van ’n prent om die lemma voor te stel, voorsien is. Dit word wel goed in die woordeboek gebruik. Kinders figureer gereeld in die prente en ’n poging is aangewend om beide geslagte te verteenwoordig. Daar is ook rekenskap gegee van die Suid-Afrikaanse multikulturele samelewing, met verwysing na byvoorbeeld ’n kerk en ’n moskee, wat beide van illustrasies voorsien is.

SLOTOPMERKING

Met empiriese navorsing is bewys dat die onderrig van woordeboekvaardighede ’n beduidende en noemenswaardige invloed het op die woordeboek- en taalvaardighede van Afrikaanssprekende graad 3-leerders. Tydens die navorsingsproses is woordeboekvaardighedsvlakke van leerders met ’n geldige en objektiewe meetinstrument vasgestel om suksesvol ’n woordeboek vir Grondslagfase te gebruik. Die *Grondslagfasewoordeboek* is baie geskik om in die skool gebruik te word. Gesien in die lig van die talle leerders met lae geletterdheidsvlakke in Suid-Afrika, behoort woordeboeke as ’n onontbeerbare hulpmiddel in die klas beskou te word om leerders se taalvaardigheid te verbeter. Met die woordeboekprojek is onderwysers en leerders van die probleemoplossende potensiaal van woordeboeke bewus gemaak.

Taalaanleer impliseer ’n proses waartydens opgeleide onderwysers relevante leermateriaal tydens die onderrigsituasie gebruik, van leerstrategieë gebruik maak en ondersteuning verskaf. Tydens die navorsingsproses en die duur van die projek is ’n woordeboek as ondersteuningsmateriaal gebruik. Graad 3-leerders het woordeboekvaardighede aangeleer om sodoende tyd te bespaar en hulle taalvaardighede te verbeter. Woordeboekvaardighede sluit die vaardighede in om woordeboeke vinniger te gebruik en om leerders se woordeskate, grammatika, uitspraak en skryfvaardighede met behulp van die naslaan van leksikale items te verbeter. Dit blyk dat woordeboekvaardighede pertinent in skole onderrig moet word, sodat leerders se woordeboek- en taalvaardighede verbeter kan word.

ERKENNINGS

✻ Dank aan Corrie Uys van die Sentrum vir Nagraadse Studies van die Kaapse Skiereilandse Universiteit van Tegnologie vir die verwerking van statistieke.

BRONNELYS

- BEYER, HL.2010.Kontekstuele bepalers by die beplanning van skoolwoordeboeke. *Lexikos* 20: 52-70.
- GOUWS, R., L. POTGIETER & S.BURGESS. 2010. *Grondslagfasewoordeboek Afrikaans/Engels*.Kaapstad:Maskew Miller Longman.
- GOUWS, RH.2006. Leerdergedrewe leksikografie. *Tydskrif vir Taalonderrig* 40(1): 72-84.
- GOUWS, RH. & S. TARP. 2008. A New Step Forward for South African Learners' Lexicography: *The Oxford Afrikaans–Engels/English–Afrikaans Skoolwoordeboek/School Dictionary*. *Tydskrif vir Taalonderrig* 42(1): 65-79.
- LOMBARD, FJ.1990. 'n *Metaleksikografiese foundering van Afrikaanse skoolwoordeboeke*.Ongepubliseerde D.Litt-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- PIAGET, J. 1971. *Biology and Knowledge: An Essay on the Relations Between Organic Regulations and Cognitive Processes*. Trans Beatrix Walsh. Chicago: University of Chicago Press.
- POTGIETER, L. 2012. Example sentences in Bilingual School Dictionaries. *Lexikos* 22: 261-271.
- PUTTER, A.1999.*Verklaringsmeganismes in kinderwoordeboeke*.Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. PU vir CHO.
- TARP, S. 2004. Basic Problems of Learner's Lexicography. *Lexikos* 14: 222-252.
- TARP, S. 2008. The Third Leg of Two-legged Lexicography. *Hermes. Journal of Linguistics* 40: 117-131.
- TARP, S. 2009. Reflections on lexicographical user research. *Lexikos* 19: 275-296.
- TARP, S. 2011. Pedagogical Lexicography: Towards a New and Strict Typology Corresponding to the Present State-of-the-Art. *Lexikos* 21: 217-231.
- TARP, S. & RH. GOUWS. 2004. Wie leer wat uit Afrikaanse (aan)leerderwoordeboeke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 44(4): 276-298.
- TARP, S. & RH. GOUWS. 2010. Skoolwoordeboeke vir huistaalleerders van Afrikaans. *Lexikos* 20: 466-494.
- TARP, S. & RH. GOUWS. 2012. School Dictionaries for First-Language Learners. *Lexikos* 22: 333-351.
- VAN DER MERWE, MF. 2009. Die opvoedkundige waarde van woordeboeke: Voorstelle vir woordeboekonderrig in Suid-Afrika. *Lexikos* 19: 297-313.
- VAN DER MERWE, MF. 2012. A Study of the Use of the *HAT Afrikaanse skoolwoordeboek*. *Lexikos* 22: 352-366.

BIOGRAFIESE NOTA

Michele van der Merwe is lektor by die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch waar sy Afrikaans op voorgraadse en nagraadse vlak doseer. Sy spesialiseer in leksikografie, veral opvoedkundige leksikografie. Haar navorsing sluit die onderrig van woordeboek- en taalvaardighede, die skep van 'n woordeboekkultuur in skole, asook die gebruik van (vak)woordeboeke via tegnologie in.

E-pos: michelevdm@sun.ac.za

ADDENDUM 1: VOORBEELD VAN PRETEWOOORDEBOEK UIT GF

Hoe om hierdie woordeboek te gebruik / How to use this dictionary

Jy kan hierdie splinternuwe woordeboek van die eerste dag wat jy skool toe gaan tot in Graad 4 gebruik. Hierdie woordeboek sal jou help om:

- praat-, lees- en skryfvaardighede in jou huistaal te ontwikkel
- Engels as Addisionele Taal te verstaan en te gebruik
- Afrikaans as Addisionele Taal aan te leer en te gebruik.

You can use this brand-new dictionary from the first day that you go to school up to Grade 4. This dictionary will help you to:

- speak, read and write in Afrikaans as Home Language
- understand and use English as Additional Language
- learn and use Afrikaans as Additional Language.

Gebruik die woordeboek vir uitstekende resultate in woordeskatuitbreiding, spelling en lees met begrip!

Use this dictionary for excellent results in building your vocabulary, improving spelling and reading with understanding!

Die woordeboek bestaan uit drie afdelings.

Deel 1: Prentewoordeboek volgens temas / Picture dictionary with themes


Hierdie deel bestaan uit 'n verskeidenheid temas wat gereeld in die Grondslagfase gebruik word. Die temabladsye wys vir jou watter woorde deel van 'n tema vorm.


This part consists of general themes that are used frequently in the Foundation Phase. The theme pages will show you how a word forms part of a theme.


Opskrif met die naam van die tema / Heading with the name of the theme


Volkleurprent van die tema / Full colour picture of the theme


Vervoer / Transport





 ambulans / ambulance


 boot / boat


 brandweerwa / fire engine


 bus / bus


 **fiets / bicycle**


 helikopter / helicopter

 motor / car

 skip / ship

 taxi / taxi

 trein / train

 vliegtuig / aeroplane

Vervoer / Transport 25

Woord en Engelse vertaling / Word with English translation

Klein prentjie wys hoe die item binne die tema pas / Small picture shows how the item fits within the theme

ADDENDUM 2: VOORBEELD VAN ALFABETIESE GEDEELTE UIT GF

Deel 2: Woorde in alfabetiese volgorde / Words in alphabetical order

In hierdie deel kan jy meer van elke woord leer. Elke woord kry 'n definisie en voorbeeldsin in Afrikaans sodat jy die betekenis kan verstaan en dit in jou eie sinne kan gebruik. Die Engelse woord en voorbeeldsin help jou om jou addisionele taal te verstaan en te gebruik. Die prentjie bevestig dat jy by die regte woord is.

You can learn more about a word in this part of the dictionary. Every word has a definition and example sentence in Afrikaans so that you can understand it and use it in your own sentences. The English words and example sentences help you to understand and use your additional language. The picture confirms that you are using the correct word.

Verlede tyd / Past tense

Bladsyverwysing na woord wat deel vorm van die tema maar nie op die temabladsy gewys word nie / Page reference to word that forms part of the theme but isn't included on the theme page

Meervoud / plural

Bladsyverwysing in vetdruk wys dat die woord op die temabladsy verskyn / Page reference in bold shows that a word is included on the theme page

Voorbeeldsinne wys hoe die woord gebruik kan word. As daar twee Engelse woorde is, word daar twee voorbeeldsinne gegee. / Example sentences show how a word can be used. If there are two English words two example sentences are provided.

Die teenoorgestelde vorm / The opposite form

Indien jy sukkel met spelling, sal hierdie verwysing jou help om by die regte woord uit te kom. / If you struggle with spelling, this reference will help you to get to the correct word.

Prentjie help jou om die betekenis te verstaan / Picture helps you to understand the meaning

Alfabetletter help jou om vinnig by die regte woord te kom / Alphabet letter helps you to reach the correct word quickly

Notas gee meer inligting oor 'n woord en hoe om dit te gebruik / Notes give more information about a word and how to use it

Engelse vertaling / English translation

Definisie help jou om die betekenis te verstaan / Definition helps you to understand the meaning

Deel 3: Lyste van woorde / List of words

Die lysste help jou om vinnig by die regte woord uit te kom. Jy kan die Afrikaanse woord opsoek, of jy kan die Engelse woord gebruik en die Afrikaanse vertaling kry. As jy dié lysste gebruik, kan jy dadelik by die regte bladsy uitkom sonder om deur die woordeboek te blaai.

The lists will help you to find a word quickly. You can look for the Afrikaans word or turn to the English word and find the correct translation. If you use these lists you will find the word quickly and without having to page through your dictionary.

Afrikaans / English

Wys die tema / Shows the theme


Aa	bakery bakery; PLEKKE EN MENSE 16; 30
aand evening 27	bakkel light 30
aandete supper 27	baksteen brick 30
aantrek dress 27	bal ball; SPORT 24; 30
aap monkey; ORRE 12; 27	bank desk; IN DIE KLASKAMER 18; 30
aarbei strawberry 27	bank bank; PLEKKE EN MENSE 16; 30
aarde earth 27	bed bed; ONS HUIS 6; 30
aartappel potato; VRUGTE EN GROENTE 14; 27	

English / Afrikaans

Oo	pet troeteldier 83	Rr
ald oud 23; 65	phone bel 31	robbitt haas 12; 43
onion ui 14; 83	photograph foto 26; 40	radio radio 26; 69
open oop 64	picture prent 19; 68	rain reën 11; 69
open oopmaak 64	piece stuk 79	rand rand 69
opposite oorkant 64	pig vark 13; 84	read lees 20; 54
opposite	pillow kussing 6; 52	rectangle reghoek 1; 69
teenoorgestelde 22-23; 80	pilot vlieënier 17; 87	red rooi 1
	plink pienk 1	restaurant restaurant 69
	place plek 16-17; 67	

Hoe om hierdie woordeboek te gebruik / How to use this dictionary

ADDENDUM 3: VOORBEELD VAN WOORDEBOEKAKTIWITEIT



Het jy agtergekom dat al die woorde op die temabladsye in alfabetiese volgorde is? Die woorde gaan dus van a tot z.

Aktiwiteit 3

Die volgende vervoermiddels is deurmekaar. Blaai na bladsy 25 in jou woordeboek. Skryf die woorde van a tot v.

boot skip trein ambulans brandweerwa
fiets taxi vliegtuig helikopter bus motor



1. _____



7. _____



2. _____



8. _____



3. _____



9. _____



4. _____



10. _____



5. _____



11. _____




6. _____

ADDENDUM 4: VOORBEELD VAN WOORDEBOEKAKTIWITEIT

Werkvel 9

Aktiwiteit

1. Gebruik jou woordeboek en soek woorde wat **dieselfde betekenis** het. Lees die voorbeeld: 'n Ander woord vir 'n **kous** is 'n **sokkie**. Voltooi die volgende sinne.



Ons noem woorde wat dieselfde betekenis het, **sinonieme**.

- 'n Ander woord vir 'n **dogter** is 'n _____.
- 'n Ander woord vir **nagklere** is _____.

2. Vul die woorde met dieselfde betekenis in die tabel in. Soek die woorde in jou woordeboek en kyk na die woord wat na **DIESELFDE AS** staan.

dogter	meisie
loop	
	vriend
	rak

